# Wawiel

Jaargang 35 Vol. 1



# Wapadrand

# INHOUD


INHOUD …..……………………………..…….. BL 2

STILTETYD…………………………………...… BL 3

BESTUURSLEDE ……………………….…….. BL 4

REDAKSIONEEL ………………………….…… BL 5

UIT DIE VOORSITTER SE PEN ……………… BL 6

SENIOR BURGERS …………………………… BL 7

JEUG ………………………………………….. BL 8

KWARTAAL KAMPE ……………………………. BL 10

LIEF EN LEED VERJAARSDAE…………... …. BL 13

VERJAARSDAE & HUWELIKS-

HERDENKINGS ………………… …………… BL 15

RESEPTE ……………………………………….. BL 17

# STILTETYD

## WIE IS MY NAASTE?

Ons kan maklik grense trek aan ons hulp vir mense in nood. Ons doen dit wanneer ons probeer om ons naaste te definieer. As die skrifgeleerde ‘n eenvoudige beskrywing van sy naaste kon kry, sou hy graag betrokke raak.

Die gelykenis benadruk ons traagheid om betrokke te raak waar daar nood is. Ons kry altyd ‘n rede waarom mense in nood nie gehelp mag word nie. Nee, kyk, die man het homself in die gemors laat beland. Hy moes mos geweet het dat die pad gevaarlik en vol rowers is. Ons het ons eie mense na wie ons moet omsien. Ons begroting maak nie daarvoor voorsiening nie …. En dan stap ons soos die priester en Leviet aan die ander kant van die nood verby,

Jesus deurbreek ons begrensde denke oor die nood van ons medemens. Die vraag is nie wie my naaste is nie.

Is jy bereid om *‘n naaste* vir mense in nood te wees?

***Dit is nie genoeg om die hulpelose op te help nie. Jy moet hom ook daarna ondersteun.***

## Die 2024/2025 BESTUUR

.



VOORSITTER REINARDT V RENSBURG
reilynn@vodamail.co.za
Sel: 082 332 7217



ONDER VOORSITTER ANDY TOERIEN
toeriena@vodamail.co.za
Sel: 082 256 5044



SEKRETARESSE JANETTA TOERIEN
janettat@vodamail.co.za
Wapadrand.sek@sawa.org.za
Sel: 082 325 5634



PENNINGMEESTER LYNETTE V RENSBURG
lynettevanrensburg3@gmail.com
Sel: 082 068 6517



ADDISIONELE LID DALEEN PIENAAR
pienaars@netactive.co.za
Sel : 082 848 7478



ADDISIONELE LID GERALDINE MüLLER
NUUSBRIEFREDAKTEUR
muller.sj@outlook.com Sel: 083 490 3588

# REDAKSIONEEL

Eerstens wil ek vir Daleen Pienaar baie dankie sê vir haar onbaatsugtige werk met die Wawiel. Ek sal baie hard moet poog om haar skoene vol te staan, maar ek weet ook dat sy my sal help sou ek vasbrand. Andy dankie ook vir jou bystand sover.

Die sukses van die Wawiel sal ook afhang van die insette wat deur ons Wapadranders deurgegee word. Enige insette of artikels is welkom.

*Redaksie.*



**Uit die Voorsitter se pen**



Wapadranders

So is ons eerste kwartaal van die nuwe boekjaar ook al op ‘n einde.  Die AJV het goed afgeloop en ons was net-net ‘n kworum.

Daar was slegs 2 kampe in die kwartaal wat deur ons lede bygewoon was. Ons AJV was by Bosveld Oase, 16-19  Augustus 2024. Ons was 5 seniors en 2 gewone lede wat gekamp het. Dankie vir elkeen se deelname met die AJV. Saterdagaand was daar heerlike geregte en Sondag se koek en tee bly altyd ‘n soet hoogtepunt.

Die tweede kamp was die Nasionale kamp by Kokoriba, 13-15 September 2024. Daar was 3 streke verteenwoordig en 7 Wapadranders het gekamp. Vrydagaand se boerewors-rolle was baie lekker met gebraaide uie en tamatie en uie sous. Dit was ‘n gesellige kamp en saambraai Saterdagaand.  Sondagoggend was ‘n mooi luisterpreek deur Stefan Joubert.  My gunsteling tyd na die kerkdiens is natuurlik die koek en tee en daar is weereens lekker saam gekuier.

Ek wil ‘n versoek rig aan almal wat lanklaas gekamp het om te kom kamp en kuier by ons Oktoberkamp by Rust Oord.

Veilig wees en almal wat skoolvakansie het in September, geniet elke oomblik.

Groete.

Reinardt

# SENIOR BURGERS

**Senior burgers is ons storieskatkis. Hulle is ‘n land se geheue en gewete. Hul stille krag, rype lewenservaring, onverbloemde broosheid en deernis is ‘n geskenk aan ons samelewing wat dit selde waardig is**.” (*Woorde geleen. )*

## **Hoe oud is senior burgers**?

Is jy al ooit hierdie vraag gevra? "Hoe oud is jy?", en dan hoor jy dalk: "Ag, jy is al 'n senior burger!". Senior, hierdie woord, is soos 'n onsigbare grens wat die lewe in verskillende stadiums verdeel. Maar hoe oud is senior burger? Na aftrede? Nadat u die ouderdom betree het? steeds …?

Trouens, senioriteit is nie 'n vaste ouderdom nie, maar 'n gemoeds-toestand. Dit verteenwoordig 'n positiewe, optimistiese en energieke houding teenoor die lewe, of jy nou 50, 60 of ouer is, solank jy entoesiasme, nuuskierigheid en liefde vir die lewe het, is jy 'n senior!

Seniorouderdom is nog 'n opwindende reis in die lewe, 'n goue tyd om nuwe dinge te verken, drome na te jaag en die lewe te geniet. Laat ons saam die boeie van ouderdom breek, bejaardes omhels en 'n wonderlike lewe lei!

- Seniorouderdom is 'n geleentheid om die tweede helfte van die lewe te omhels en 'n reis om selfverwesenliking na te streef.
- Bejaarde lewe is 'n proses van voortdurende leer en groei en 'n skat van verrykte lewenservarings.
- Senior burgers is 'n verhoog om aktief aan die samelewing deel te neem en hul eie ervaring en wysheid by te dra.
  Kom ons sit die boeie van ouderdom opsy, verwelkom elke stadium van die lewe met 'n optimistiese en positiewe gesindheid, en skep ons eie wonderlike senior lewe!

Senior ouderdom is nie 'n vaste ouderdom nie, maar 'n gemoeds-toestand. Dit verteenwoordig 'n passie en positiwiteit vir die lewe, 'n nuuskierigheid en verkenning van nuwe dinge en 'n bevestiging van en strewe na eiewaarde. Dit kan vryetyd na aftrede wees, 'n reis om stokperdjies op te spoor, of 'n oomblik om vreugde met familie en vriende te deel. Senior ouderdom is nog 'n wonderlike hoofstuk in die lewe, die voortsetting en sublimasie van die lewensreis.

# JEUG

By Bosveld Oase het ons twee jongelinge, Logan & Liam Müller gehad wat saam gekamp het. Die tweetjies was aan die gang en het vir baie pret gesorg.



*Vernon, René, Logan, Liam Müller & Reinardt van Rensburg*

Oupa Martin Rix het vir hul elkeen 'n swem-"scooter" gemaak sodat hulle heerlik in die swembad kon baljaar.





Logan woon ook al van vroeë ouderdom af die AJV-vergadering by maar as daar na dié foto gekyk word, was die vergadering sekerlik te lank vir hom!

Chrisjan, Sorin en JJ was ook bedrywig die naweek. Hulle het baie tyd by die dam gespandeer.

*….. En dit het my ook toe laat dink aan die tyd by Dube 'n paar jaar gelede waar Chrisjan net "verdwyn" het. Nodeloos om te sê dat hy later by die dam gevind is.*



*Hannah & Dawid de Villiers saam met Oupa Dawie Mullins*






*Logan & Liam  Müller*



*Logan Müller  :  Sy kersblasie-oomblik.*

## KWARTAAL SE KAMPE:

### AUGUSTUS : BOSVELD OASE (AJV)

Van vroeg Vrydagoggend af het Wapadranders by Bosveld Oase begin saamtrek vir die naweek. Ons was 7 woonwaens wat saam gekamp het.

Vrydagaand het ons weggebreek van die tradisionele kampkommandante-ete en 'n lekker braai gehou. Elkeen het 'n bykos gebring en kon sy eie vleis braai.

Saterdagmiddag was die AJV en geen nuwe bestuurlede is gekies nie. Die AJV het in 'n goeie gees afgeloop.



*Reinardt aan die woord*



**Bestuur:** Andy & Janetta Toerien; Daleen Pienaar, Lynette van Rensburg, Geraldine Müller en Reinardt van Rensburg.

Saterdagaand was dit 'n saambraai. Daar het selfs vreemde kampeerders by ons kom braai en hulle het heerlike roosterkoeke op die vuur gemaak, natuurlik nie sonder 'n gesukkel nie, maar ons kon darem help om die deeg stywer te kry. Die bygeregte en poeding was weereens 'n treffer soos altyd.

**SEPTEMBER : KOKORIBA**

Kokoriba is 'n oord wat baie bied en die oord en ablusies is skoon. Alhoewel hul dagbesoekers toelaat was dit nie 'n hindernis vir die kampeerders nie, aangesien daar 'n swem-bad met glybane vir hul was en genoeg parkering. Die kiosk het baie kruideniersware en snuisterye en die vrieskaste was volgepak met baie verskillende roomyse.

Gebied Jakaranda het almal heerlik saam gekuier die naweek. Senior lede kon al vanaf die Woensdag saamtrek en diegene wat nog nie so gelukkig is om 'n senior te wees nie, het vanaf die Vrydag begin saamtrek. Martin Rix was baie bedrywig om toe te sien dat die lede hul korrekte staanplekke kry en Discovery Medies sal baie trots op hom wees met die aantal treë wat hy die naweek gestap het.

Vrydagaand was dit worsbroodjie-aand en ons het heerlik daaraan gesmul.




***BEGIN en EINDE***



Saterdagoggend was daar 'n paar lede wat die staproete gedoen het. Met hul terugkoms het hul nog heel skaflik gelyk. Dit lyk of ons 'n paar fikse lede het.

Van ons lede het ook gebruik gemaak van die ontbyt wat Kokoriba Saterdagoggend by hul restaurant aangebied het. Dit was beslis die moeite werd en waarde vir geld.

Die res van die dag was rustig.  Sommiges het geswem, (Koue-, lou– en warmwater swembaddens), ander het rugby gekyk en daar was ook dié wie net saamgekuier by die woonwaens.



Dit was darem ook nie  heeltyd speeltyd nie.  Sommiges (Reinardt van Rensburg) moes ook werk.

Logan Müller het sy 5de verjaardag op Saterdag gevier (alhoewel hy eers die 17de September verjaar).  Die mannetjie was heel in sy skik met sy  fiets asook ander presente wat hy gekry het.





Saterdagaand het almal saam gebraai.  Slaaie en brode is voorgesit en die tafels het behoorlik gekreun!

Sondagoggend het Martin Rix die kerkdiens hanteer en daarna is ons weereens bederf met verversings.

## Lief en Leed

**Lief:**

Reinardt en Lynette se  woonwa is weer op die pad en ons vertrou dat  die onderstel hul nie weer in die steek sal laat nie**.**



Elsa & Hoepfner Wiese het 'n kleindogter ryker geword op die 4de September. Baie geluk aan julle.

René & Vernon Mùller het 'n nuwe woonwa gekoop en hulle het die eerste keer by Kokoriba daarvan gebruik gemaak.  Mag jul veilige kilometers hê.



**Leed:**

Joy Cronjé, een van ons gewese Wapadranders, is in Augustus oorlede.

Janetta was vir ‘n operasie.  Sy herstel vinnig maar sy verduur ongemak met die arm.

Rina van Aswegen het ook geval en haar knie beseer.  Sy voel beter, maar sukkel nog met die buig van haar knie.

Ons wens jul beterskap en sterkte toe.



## VERJAARDAE & HUWELIKSHERDENKINGS




| | | |
|---|---|---|
| Oktober: | 6 | ChriBettie Mullinssto Bezuidenhout |
| | 26 | Etienne Rabie |
| | 29 | Gräbe de Villiers |
| | 29 | Elané Brönn |
| November: | 5 | Danie du Plessis |
| | 5 | Micke van Rensburg |
| Desember: | 3 | Jos Rabie |
| | 4 | Rina van Aswegen |
| | 13 | Sarie Bezuidenhout |
| | 16 | Susan Troskie |
| | 22 | Eleanor du Plessis |
| | 28 | Stephanie Brönn |




***Eenkeer in ‘n leeftyd ontmoet jy iemand spesiaal.***
***Iemand wat jou hart en siel aanraak.***
***Iemand saam wie jy kan lag en huil.***
***Iemand saam wie jy die res van jou lewe wil deurbring.***
***Net eenkeer in ‘n leeftyd ontmoet mens iemand …***

***… soos jy!***

| | | |
|---|---|---|
| Oktober: | 4 | Betsie en Wynand Theron |
| | 19 | Sarie en Christo Bezuidenhout |
| | | |
| November | 19 | Tersia en Martin Rix |
| | 20 | Daleen en Chris Pienaar |

# RESEPTE

# POTBROOD

## BESTANDDELE

* 1 Kg broodmeel
* 10g Droë gis
* Knippie sout
* 20ml Suiker
* 2 Eetlepels kookolie
* 700ml kookwater



*Foto geleen*

## METODE:

**Meng al die droë bestanddele saam en maak ‘n holte in die middel.**

**Voeg die warm water by en knie die deeg lekker slap.**

**Bedek dit en laat dit rys vir ‘n halfuur.**

**Knie dit af en sit die deeg in ‘n gietysterpot wat met olie gesmeer is.**

**Plaas die pot op die vuur en gooi ‘n klompie kole bo-op en bak vir een uur.**